

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:3 (34:3)

- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Kom ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 23:1, 2, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsvare, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met
Psalm 19:6 (p. 83)*

Wet

Psalm 19:6 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Gebed

Psalm 107:4 (p. 534)

- 4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydskap in te gaan;
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

Skriflesing: Efesiërs 1

Teks: Efesiërs 1:15-23; Kategismus Sondag 25

Ons bely dat ons nie in onself die krag het om te glo nie. Maar God maak dit vir ons moontlik om te glo. Hy onderrig ons met sy Woord. En dan laat Hy ons in die sakramente sien wat Hy aan ons geleer het.

Ons sien Paulus in sy binnekamer. Hy bid.

- In hierdie gebed van hom dank hy God vir al die genade wat Hy aan die gemeentes bewys.
- Hy dink aan elke kerk in sy gebed. Uit die diepte van sy hart kom hierdie dankbaarheid dat die geloof in die Here Jesus onder hulle is.
- Hy bid God dat hierdie geloof onder die lidmate mag groei en dat die gemeente voortdurend daarin versterk mag word.

Ons bid ook so.

- In byna elke gebed bid ons vir die behoud van ons geloof, en vir die versterking daarvan.
- Ons dank ook net so gereeld daarvoor. Paulus dank byvoorbeeld ook in Romeine 1:8 en 1 Korinthiërs 1:4 vir die geloof in die Here Jesus Christus wat deur God in die harte gewerk word.

Maar ons moet op hierdie saak in die diepte ingaan.

- Ons bid elke dag vir kos en klere. En God gee dit. Elke dag sien ons dit wanneer ons dit aantrek.
- By elke maaltyd vra ons dat God die voedsel moet seën wat Hy ons geskenk het, sodat ons 'n ete kon voorberei.
- Ons dank God dat ons versadig kan opstaan van die tafel af.

Met ons geloof is die saak anders.

- Ons kan nie ons geloof sien soos kos en klere nie.
- Ons word ook gedurig geleer dat daar vir ons lewe verlossing is van die dood – soos wat ons leer dat daar vir ons honger uitkoms is deurdat ons voorsien word met voedsel.
- Omdat geloof nie so tasbaar is soos kos en klere nie, voorsien God tog tasbare dinge waarmee ons geloof versterk kan word. *Dit is die sakramente.*

Altyd wanneer mens iets ontvang, moet mens dadelik dink aan die persoon wat dit aan jou skenk.

- Net so moet ons by die gebruik van die sakramente of by die prediking dink aan God wat dit gee sodat ons Hom daarvoor kan dank.
- Dit klink miskien onnodig, maar selfs in ons geloof moet ons weet dat ons dit as geskenk van God ontvang, en dit nie met ons eie vermoëns bewerk nie.

God gee en versterk ons geloof met middele. Alles in ons geloof is gelukkig nie abstrak en on sienbaar nie. So preek God genade aan ons.

- In my werk word ek geseën; dis die bewys van die genade wat God gepreek het.
- Of my lewe of my toekoms kom in gevaar, en dan gebeur dit tog so dat die bedreiging by my lewe verbygaan.
 - Dit is 'n bewys wat ek kan sien dat die beloftes wat God aan my gepreek het, die waarheid is,
 - al kan ek die beloftes nie sien nie.

Net so kom God ook met die middele van water, brood en wyn om in die sakramente die betekenis van die verlossing in Christus aan ons te preek.

- Daarom is die sakramente baie belangrik in hulle waarde.
- Die sakramente is nie maar iets wat deur die kerk ontdek, of self geformuleer en uitgevind is nie.
- Dit is deur God self ingestel, en die instelling daarvan is opgeteken in die Bybel.

Daar was die geleentheid toe die Here Jesus die skare gevoed het. Die skares mense het Jesus toe begin volg omdat Hy hulle gevoed het. Jesus Christus sê toe vir hulle:

Julle volg My nie omdat die tekens wat Ek gedoen het julle so beïndruk het nie, maar omdat Ek julle brood gegee het omdat julle honger was.
(Johannes 6:26 AFR53)

En dan volg die treffende woorde (Johannes 6:29):

Dit is die werk van God, dat julle in Hom kan glo wat My gestuur het.
(Johannes 6:29 AFR53)

Met die sakramente wat simbole is van die werk van Christus, is dit presies soos met die brood waarmee Christus die skare gevoed het.

- God het dit gegee sodat ons daarmee in Hom kan glo.
- Verder lê die waarde van die sakramente natuurlik daarin dat dit deur die Heilige Gees gebruik word om my geloof te versterk.
 - Wanneer ek aan die nagmaal sit, is dit God die Gees wat my aanskoulik onderrig: Christus se liggaam en bloed is vir my vergifnis verbreek en vergiet.
 - Of met die doopwater word ek geleer dat water my liggaam reinig, en dat die water in die doop die simbool is dat Christus my siel van sondes reinig met die doop in sy dood.

God is magtig genoeg om ons sonder enige tekens te leer. Maar dit bly tog merkwaardig dat dit nie die weg is wat Hy volg nie.

- Hy gebruik altyd tekens. In Handeling 9:17 lees ons dat Ananiás vir Paulus sê dat Christus op pad na Damaskus aan hom moes verskyn om hom te bekeer.
- Die tekens was hier die verblindende skerp en helder lig. En daarby die stem van God wat met hom gepraat het.

Nog 'n voorbeeld is Cornelius, die owerste oor die Italiaanse leërafdeling.

- Helderoordag sien hy 'n engel van die Here wat na hom toe inkom en hom aansê om iemand na Joppe te stuur om Petrus te gaan haal.
- Selfs Petrus se adres word aan hom gegee.

Terwyl Petrus vir die manne wag, word ook hý weer deur tekens onderrig – 'n laken met allerhande onrein diere word na hom laat sak waar hy rus op die dak.

- Met hierdie teken moet hy voorberei word vir sy sending na 'n heiden wat tot nou toe vir hom onrein was.
- Net so word die diepte van die evangelie deur die tekens van die sakramente en deur God die Gees in ons gewerk en verduidelik.

Sonder om verder hieroor te debatteer is dit tog duidelik dat die groot waarde van die sakramente daarin is dat hulle ons geloof in God versterk.

Maar dadelik is daar 'n gevaarpunt in hierdie saak. Die sakramente het niks meer krag as dit nie.

- Hulle is heilig omdat God hulle ingestel het, maar hulle kan jou nie salig maak nie!
- Die Heilige Gees werk die beloftes van die evangelie in jou.
 - En die beloftes is dat ons salig gemaak word deur Jesus Christus.
- En die sakramente het nie hierdie krag nie.
 - Die doop kan jou nie salig maak nie, en ook nie die nagmaal nie.

Daarom is dit so verkeerd wanneer ons kerkbesoek swak is, maar ons stiptelik by elke nagmaal is.

- Jy kan nie die versekering van God se beloftes kom ontvang wanneer jy nie gereeld na die verkondiging van hierdie beloftes kom luister het nie. Want watter beloftes word dan aan jou bevestig?
- Wat wel waar is, is dat ons van die sakramente toormiddels of tekens van bygeloof maak op die wyse wat sommige mense dit vandag hanteer.
 - Ons hou met alles wat ons het, vas aan die nagmaal en die doop asof ons saligheid daardeur bepaal word.
 - Dit is sonde om die sakramente so geweldig te oorskat.

Daar moet egter deurentyd 'n baie goeie balans wees in ons beskouing en handhawing van die sakramente.

- Aan die een kant moet ons waak teen oorbeklemtoning.
- Maar dit beteken seer sekerlik nie dat ons nou die standpunt mag handhaaf dat die sakramente geen krag het nie.

Ons moet altyd onthou dat die sakramente wel krag het omdat God hulle ingestel het.

- Die krag wat daar in die sakramente is, is dat elke sakrament 'n preek is van God se verbondsbeloftes.
- Hulle is waartekens en seëls – met ander woorde, bevestigings dat die beloftes van God waar is.
- Hulle word deur God gebruik om ons “die belofte van die evangelie beter te laat verstaan ...” Hulle dien dus om ons geloof te versterk en te vermeerder.

Hierdie sakramente sou hoegenaamd geen betekenis gehad het as God hulle nie ingestel het nie.

- Daarom het ons net twee sakramente, naamlik die doop en die nagmaal. Daar is kerke met meer sakramente, maar die ander is almal net tradisies. Absoluut waardeloos. Want nêrens in die Bybel leer ons van die instelling daarvan nie.
- Die sakramente het nog 'n krag. Dit is om die genade van God aan sy kinders in die besonder te leer.

Die evangelie word aan alle mense verkondig.

- Gelowiges en ongelowiges hoor dit.
- Die sakramente is egter *net vir die gelowiges in die besonder*. Dit is 'n baie naby bevestiging van genade, waarin die mense wat buite staan, nie kan deel nie.

Die krag van die sakramente is God. Die nut van die sakramente is die genade van die Here Jesus Christus.

- Die deel van die Christelike leer wat die moeilikste verstaan kan word, is die deel oor die vergewing van sondes wat ons verwerf deur die offer van Christus.
- Daarom is die nut van die sakramente juis dat hulle hierdie deel van die evangelie belig.
- Die sakramente moet ons laat verstaan dat ons gereinig word sodat ons aan die Gewer van verlossing dankbaarheid kan bewys.

Die sakrament is ook die sigbare uitdrukking van die eenheid van God se kerk.

- Die nagmaal is mos ook 'n gemeenskapsmaal. Dan is die dankbaarheid wat bewys word, nie net myne nie, maar die dankbaarheid van die kerk teenoor God.
- Die eenheid van die dankbaarheid van die kerk en van die gehoorsaamheid van die kerk kom ook daarin na vore.
- Die beoefening van die sakramente het dan ook die doel dat dit die mens laat beantwoord aan die hoogste doel waarvoor hy geskape is, naamlik om God te verheerlik.

Verder sou ons ook met goeie reg kon sê dat die sakramente in 'n sekere sin die skeiding tussen die mense aandui.

- Vir baie is dit tot bevestiging van vergewing van sondes.
- Maar ander word kragtens die sleutelmag wat aan die kerk toevertrou is, van die sakramente weerhou as hulle weerbarstig volhard.
- Dié wat volhard in sondes en nogtans tog aan die tafel kom aansit, of wat uit bygelowigheid hulle kinders laat doop, doen dit tot 'n oordeel oor hulleself. Met ander woorde, tot 'n bevestiging van God se toorn oor hulle.

Hoe werk die sakramente dan in ons lewens? God eis geloof. En omdat ons nie die eie krag het nie, voorsien Hy die middele tot versterking van ons geloof.

- Daarom moet ons die sakramente in ons swakheid – maar in die krag van God – ontvang.
- Ons mag nie magiese krag daaraan heg nie, maar ons moet die heiligheid daarvan handhaaf.
- Ook só dat ek in my lewe bewys dat die evangelie van verlossing wat vir my gepreek word, en deur die sakramente sigbaar aan my bevestig word, in my lewe leef.
- Almal kan my verlossing deur die Here Jesus in my lewe sien gestalte kry in my stryd teen die kwaad.

Kom ons kyk nou saam na wat ons hieroor bely in Kategismus Sondag 25:

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).

(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.

Vraag 66: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.

Vraag 67 : Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is (a).

(a) Rom 6:3; Gal 3:27.

Vraag 68: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28b) (Onse Vader)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 2 Januarie 2005

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 14 September 2014 (Oggenddiens)